Gospel aan die Suidkus

Bekende Gospel kunstenaars bedien gedurende die Desember vakansie aan die Suidkus. Onder hulle is Manuel Escorcio wat pas 'n kinder CD met die naam "Jesus het kinders lief" (die ideale kersgeskenk) uitgereik het. Leon Ferreira, bekend vir die gewilde lied, "My Pa is die Koning" en Inner Vision met Petrie, die jeugdige seun van Jan de Wet, wil jongmense tot oorgawe begelei. Jannie Pelser, organiseerder van die Jesus Projek en bekende by Radio Kansel sal ook optree. Exalte, 'n nuwe gospelgroep waaroor daar groot opgewondenheid bestaan vorm ook deel van die geselskap. 'n Opwindende kersprogram word vir Margate beplan op 24 Desember. Die aanbieding sal op die hoofstrand aangebied word. Daarbenewens beplan die groep ondermeer optredes by Sanlameer, TO strand, die Polisie oord, Amanzimtoti, Ballito en Scottburgh. 'n Volledige toerprogram kan telefonies aangevra word. Skakel (011) 665-2516

Van links: Cassie van der Walt, Solly Bellingan en Jannie Pelser

State President and minister "most perturbed"

In response to a letter from Mrs L Burton (PE), dated 15 November 2001, the honourable minister Dr B S Ngubane wrote:

MINISTRY: ARTS, CULTURE, SCIENCE AND TECHNOLOGY
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Private Bag X727, Pretoria, 0001, Tel: (012) 337 8378 Fax: (012) 324 2687
Private Bag X9156, Cape Town, 8000, Tel: (021) 465 4850/70, Fax: (021) 461 1425

Ref: M1/6/4

10 January 2002

Mrs L C Burton
12 Chelsea Road
KENSINGTON
PORT ELIZABETH
6001

Dear Mrs Burton

I have requested my office to pass my own and your own sentiments on this matter to the SABC Board chairman Dr Vincent Mapai. We had a lengthy discussion in Cabinet on this matter. The President and all of us are most perturbed.

Minister of Communications, Dr Ivy Matsepe-Casaburri is handling this matter.

Kind regards

DR B S NGUBANE
MINISTER
Nomsa

Pla die fliek jou? Dan moet jy nie kyk nie!

Nie almal is positief oor die Jesus Projek soos die volgende brief wat in Beeld verskyn het getuig:

Michael Coetzee, Kempton Park skryf:

Ek verwys na dr Isak Burger se rubriek (26 Augustus). Weer eens wil dr Burger en sy vennote vir ons vertel hoe ons moet lewe en wat reg en verkeerd is. Hoekom vind hulle dit nodig om "proaktief" in die samelewing hul waardes en reëls in almal se kele af te druk?

Almal het die reg om te lewe soos wat hulle wil, solank hulle geen wette van die land oortree nie. Wat dr. Burger sien as immoraliteit of moraliteit is van geen belang vir die res van ons nie.

Net vir die mense wat hom sien as 'n leier en wat saamstem met sy sienings. En dit is ook hul goeie reg om sy leierskap te volg.

Maar dit is ook die res van ons se reg om te dink en te glo soos ons wil, en morele en etiese kodes wat verskil van syne te volg.

As dit dr. Burger en ander Christene pla dat sekere rolprente vloekwoorde bevat of God se Naam misbruik, moet hulle dit eenvoudig nie kyk nie.

As sekere musiek hulle aanstoot gee, moet hulle nie daarna luister nie. Daar is oorgenoeg musiek wat dit nie bevat nie.

Christene moet opstaan

Dr Isak Burger

Dr Isak Burger, president van die AGS, skryf onlangs in Beeld

Christen moet eer van God verdedig

Liefde is nie slapheid; staan saam teen ontheiliging

GODSDIENS-AKTUEEL
Dr Isak Burger

Ek het hierdie vraag al meer as een keer vir myself gevra: Is dit nodig dat ons die eer van God verdedig? Het God ons hoegenaamd nodig om vir Sy naam en eer op te kom? Hy kan tog self Sy eer beskerm.

In die Bybel is daar verskillende voorbeelde van hoe mense deur God getref is omdat hulle Sy eer geskaad het.

Ek wil nie, omdat ek 'n Christen is, as 'n reaksionêr, 'n pretbederwer of 'n sedebewaker geëtiketteer word nie. Dit is tog veel wensliker om proaktief as reaktief te wees, om inisiatief te neem eerder as om in reaksie te kom!

In 'n gebroke en siek wêreld is altwee hierdie benaderings egter nodig. Christene is geroep om lig van die wêreld en sout van die aarde te wees. Duisternis is die resultaat van die afwesigheid van lig.

Die lig van die goeie werke van die Christene in Suid-Afrika sal inderdaad veel helderder moet skyn om die geestelike en morele duisternis wat besig is om oor ons toe te sak, te verdryf.

Sout gee smaak, maar sout keer ook verderf. Kan Christene maar swyg en onbetrokke bly as geestelike en morele verderf hand oor hand toeneem? Om lig en sout in ons samelewing te wees – is dit inisiatief of reaksie, of albei?

Ek het daarvan oortuig geraak – meer as ooit vantevore, dat die Kerk en die gelowiges in hierdie gebroke wêreld en bedeling nie die roeping en verantwoordelikheid kan ontduik om God se eer met ywer te verdedig nie.

Dit was die één geleentheid waar Jesus kwaad geword, 'n sweep gevleg en onder die mense ingeklim het – toe dít wat heilig is, ontheilig is. Van Hom is gesê: "Die ywer vir U huis het my verteer." (Joh.2:17)

In hierdie verband is ek van 'n paar dinge oortuig. Daar is méér mense as wat ons dink in Suid-Afrika wat nie genoeë neem met die toenemende immoralisering en perversiteit wat in ons samelewing en veral in die media plaasvind nie.

'n Tweede waarneming is dat die oortuiging, die wil en die inisiatief om 'n standpunt in te neem, dikwels in die verlede deur die meerderheid Christene nagelaat is.

Ek meen egter dat Christene vinnig besig is om tot die besef te kom dat hulle ook mág opstaan en in sekere gevalle móét opstaan, hul voet moet dwars sit en sê: Ons neem nie hiermee genoeë nie!

Derdens moet Christene besef dat ons nie nodig het om 'n apologetiese "jammer-Jannie"-houding in te neem nie. Toegewyde en opregte Christene in Suid-Afrika is nie 'n onbeduidende, obskure groepie verkramptes nie, maar is 'n magtige (dog partykeer slapende) reus wat op alle vlakke en dele van ons samelewing voorkom.

Ons moet besef, en so ook die samelewing, die korporatiewe en finansiële wêreld, asook die magtige media-ryk, dat as Christene, en in sekere gevalle ook mense van ander gelowe, in Suid-Afrika op 'n plek kom dat hulle saamstaan en hul hak in die grond kap, hul ekonomiese invloed nie geringgeskat kan word nie.

Dit is egter belangrik dat ons motiewe eerbaar en reg moet wees. Morele aftakeling móét ons kwaad maak. Misbruik van kinders ook.

Ons mag nooit genoeë neem met aborsie nie. So ook nie met die uitbuiting van armes, omkopery en bedrog nie.

Wat ons egter die meeste moet ontstel en tot aksie moet dring, is wanneer die eer van God en die waardes van *Die Bybel* in gedrang gebring word. Dan moet Christene opstaan en moet hul stem gehoor word!

Ek dink byvoorbeeld hier aan die huidige veldtog wat in verskillende kerke begin is waarin Christene gevra word om standpunt in te neem teen die ekstreme misbruik van die naam van die Here in rolprente en op TV.

Selfs in gesinsrolprente en televisieprogramme neem dit onaanvaarbare afmetings aan.

Is Christene dan die enigste godsdiensgroep wat maar gedweë aanvaar dat die heilige naam van hul God, die Skepper van hemel en aarde, as 'n stopwoord en kragwoord gebruik word?

Dit gaan tog ten diepste om die eer van God?

Dan praat ek nie eers van die vulgariteit, banaliteit, seksuele losbandigheid en orgies wat al hoe meer in films (en veral ook in *Loerbroer II*) voorkom nie.

Dit onder die banier dat ons mense nou meer "volwasse" geword het.

Iemand moet eendag hierdie soort "volwassenheid" eerlik definieer!

Daar is net één manier hoe hierdie filmmakers en -verspreiders hierdie aanslag sal verander, en vinnig ook, en dit is as Christene eenvoudig hul stem laat hoor en die produkte boikot.

Die mense moet dit aan hul sakke voel.

Te lank het die goeie geld van goeie Christenmense gewetenlose geldmakers se sakke gevul en dit het maar net van kwaad na erger gegaan.

Miskien het die tyd nou ook gekom dat Christene soos Christus self maar 'n sweep vleg en die geldwisselaars uit die tempel dryf.

Liefde beteken nie slapheid en swakheid nie. Dit is 'n tyd vir Christene om saam te staan!

Dr. Burger is president van die Apostoliese Geloofsending.

■ agshk@iafrica.com

Swapo kla oor 'vreemde kultuur'

In soverre as wat die Amerikaanse kultuur die ongemotiveerde en ongevraagde misbruik van die Naam van die Here insluit kan Christene die sentiment van Swapo in die volgende Beeldberig onderskryf:

Die vakverbond Cosatu het gister kaalvuis onder die SAUK ingeklim en gesê die uitsaaier het die meerderheid Suid-Afrikaners in die steek gelaat.

Volgens Vavi het die openbare uitsaaier "droewig misluk" in sy taak om die verskillende kulture van Suid-Afrika te bevorder. "Hulle is besig om ons met onder meer Amerikaanse kultuur toe te gooi, en al die sepies wat goedsmoeds oorgeneem word, is onaanvaarbaar,," het Vavi gesê